# HOOFSTUK I

## PROBLEEMSTELLING

### 1. Bepaling van terminologie.

1.1 Christelik. Die term „Christelik" word op baie verskillende wyses vertolk en beskrywe. (Vgl. Coetzee,1965, pp. 27-28). Vir die doeleindes van hierdie werk word „Christelik" gebruik soos die Calvinis dit begryp. Daarom sal aangeleenthede soos die skepping van die mens na Gods beeld, die sondeval, verlossing en herskepping deur Jesus Christus en die werk van die Heilige Gees prominent aandag geniet. (Vgl. De Klerk, 1972, pp. 173 - 190).

1.2 Antropologie.

Die antropologie is die uitkoms van die wetenskaplike studie van die wesenskenmerke van die mens. Vir die Calvinis impliseer dit die besinning oor die herkoms, wese en bestemming van die mens. Aangesien die invloede van die skepping van die mens na die beeld van God, die sondeval en herskepping deur Christus, daagliks in sy bedrywighede aan die lig tree, is dit geen spekulatiewe besinning oor die kenmerke van die mens nie, maar 'n wetenskaplike besinning oor die konkrete mens, soos hy homself aan die wêreld vertoon.

Alhoewel die hart, ego, selfheid of ekheid van die mens sigself nie konkreet vergestalt nie, en ook nie omvattend omskrywe kan word nie, (vgl. Kalsbeek, 1970,p.47) oorheers dit die terrein van die ondersoek na 'n Christelike antropologie. Vanuit die hart word die ganse menslike lewe gereël en dit is „die sentrum van sy bestaan, waar alle lewensuitinge hul religieuse wortel en oorsprong het." (Spier, 1972, p. 114).

Dit blyk dus dat met die ontleding van die sigbare mens, nie tot suiwer insigte oor sy wesenlike kenmerke deurgedring kan word nie. Vanweë sy geestelike kenmerke en religieuse karakter moét die mens in die lig van die Heilige Skrif besien word om tot 'n ware beeld van die mens te geraak. Aangesien die wysbegeerte van die Wetsidee egter reeds die werklikheid in die lig van die religieuse grondmotiewe beskrywe het, word ook van die bevindinge daarvan soos deur Dooyeweerd, Vollenhoven, Spier, en andere beskrywe, gebruik gemaak.

Só onderskei hulle 'n religieuse, temporele, individuele en modale struktuur by die mens waardeur besondere insigte in die antropologie verkry word. Hieruit blyk ook dat oor die mens as totaliteitswese besin moet word. Elke wesenskenmerk verkry vanweë sy geïntegreerdheid in die totaliteit besondere kenmerke wat hulle in isolasie nie vertoon nie. Dit sou byvoorbeeld onmoontlik wees om 'n duidelike begrip van die modale funksies van die mens te vorm sonder inagneming van die religieuse, individuele of tydse struktuurmoment. Elke grondtrek van die mens moet in sy geheelsamehang vertolk en verstaan word (vgl. Spier, 1972, pp. 78 - 79, Schoeman, s.j., pp. 63 - 64) voordat 'n ware beeld daarvan gevorm kan word.

1.3 Didaktiek.

Die kind word gebore met onontslote funksies (vgl. Van Wyk, Mensbeskouing, 1974, p. 13; Oberholzer, 1968,p.335) en hy moet deur onderrig gehelp en gelei word, totdat die ontslote funksies tot Christelike roepingsvervulling aangewend kan word. Omdat die ouer nie altyd oor toereikende kennis beskik om 'n gebalanseerde ontsluiting van die kind se funksies te bewerkstellig nie, moet hy hom op die skool beroep om hulp. Daar is die onderwysers wat wel oor die nodige kennis en toerusting beskik en wat dit hul lewenstaak maak.

Die onderwyser het o.a. tot taak die oordrag van kennis aan die leerling. Didaktiek is daardie dissipline van die Opvoedkunde wat hom teoreties besig hou met die oordrag van kennis en vaardighede. „Die woord „didaktiek" beteken onderwysleer of die teorie van die onderrig. Dit behels 'n studie van die opsetlike en sistematiese oordrag van kennis" (Kruger, 1972, p.15). „ De didaktiek beperkt zich tot de bestudering van de opzettelijke leiding bij de ontwikkeling van lichaam en geest, en dan slechts, in zoverre deze leiding systematisch en langdurig plaasvindt ....." (Perquin, 1967, p.12). Die onderwyser hou hom dus grootliks besig met die didaktiek want hy is met doelbewuste en doelgerigte ontsluitingsarbeid besig.

Aangesien die didaktiek kennis probeer bybring wat roepings- of taakvervulling binne die raamwerk van 'n be-

paalde gemeenskap, met 'n spesifieke lewens- en wêreldbeskouing, moontlik moet maak, kan geen didaktiek neutraal wees nie. Die wyse van aanbieding, die toelaatbare of gewenste leerstof, toelaatbare hulpmiddele, tugmaatreëls, skoolorganisasie, fondsbewilliging, ensovoorts, word almal in meerdere of mindere mate beïnvloed deur die lewens- en wêreldbeskouinglike oortuigings van die betrokke gemeenskap. Uit hoofde hiervan verkry elke didaktiese situasie dan ook 'n eiesoortige kenmerkende „kleur" of karakter.

### 1.4 Christelike didaktiek.

Die Christenonderwyser se didaktiese bemoeiinge word vanuit sy Christelike hart bepaal. Volgens wet 39 van 1967 is dit 'n wetlike vereiste dat Suid-Afrikaanse skole Christelike onderrig moet verskaf. Dit impliseer dat die hele didaktiese optrede van die onderwyser, sy metodes, leerstof, organisasie, tug, evaluering en alles wat met sy onderrig saamhang, onafwendbaar vanuit sy Christelike hart gekleur sal word. Uiteraard sal 'n didaktiek met slegs 'n Christelike etiket daaraan nie deug nie. Die Christelike gesindheid spruit uit 'n spesifieke oriëntasie van die selfheid en indien hierdie gesindheid ontbreek, kan hy eenvoudig nie 'n Christelike didaktiek bedryf nie - dan kan hy hoogstens 'n Christelike etiket aan sy didaktiek hang.

Om sy taak doeltreffend te kan uitvoer, sal die onderwyser kennis moet dra van die Christelike antropologie. Slegs dan sal hy genoegsaam kennis dra van die „materiaal" waarmee hy werk om dit sinvol te kan gebruik en sinvol die kind se vermoëns te ontplooi. Dan kan hy die kind help voorberei vir roepingsvervulling tot eer van die Skepper en vervul hy ook sy taak in dié lig.

## 2. Omlyning van studieveld en motivering van die studie.

In hierdie studie word gepoog om 'n verband te lê tussen die Christelike antropologie en die Christelike didaktiek. Die Christen sal sy didaktiese bemoeiinge met die kind vanweë sy antropologiese oortuigings totaal anders inklee as byvoorbeeld die kommunis. Elkeen gaan uit van 'n sekere

stel stelreëls, wat hý as bindende antropologiese waarhede beskou. Vanuit hierdie oogpunt beplan hy sy didaktiese bemoeiinge, sodat die antropologiese vermoëns wat hý as belangrik beskou, tot ontluiking kan kom en uitgebou kan word.
In hierdie studie word gepoog om vanuit die Christelike antropologiese beskouinge die riglyne te bepaal vir 'n Christelik- verantwoorde didaktiek. Dit gaan hier om beginsels en daarom sal daar nie uitvoerig by verskillende metodes stilgestaan word nie. Die onderwysmetodes is reeds elders omvattend omskrywe (vgl. Kruger, 1972,pp.105 - 176, Preller, 1971, pp. 234 - 297, Van der Stoep, 1968, pp. 225 - 299) en dit sou geen doel dien om dit hierin te herhaal nie. In Suid-Afrika word vandag veral twee opvoedkundige strominge onderskei: die Christelike en die fenomelogiese. Volgens die laasgenoemde beskouing moet die lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings van die ondersoeker by enige ondersoek voorlopig tussen hakies geplaas en buite rekening gelaat word. (Vgl. Gous, 1969, p.14; Perquin, 1962, p.9). Volgens hierdie oortuiging word groot getalle onderwysers teenswoordig ook landswyd opgelei. Indien dosente of lektore sou nalaat om die verband tussen die Christelik lewensbeskoulike en die wetenskap weer te herstel, word onderwysers na die skole gestuur met 'n onderwysersopleiding wat nie Christelik gefundeer is nie. By so'n onderwyser sal van Christelike onderwys soos wat wetlik vereis word, min tereg kan kom.

In 'n tydsbestek waarin 'n golf van vrywording, ook in die skole, oor die wêreld spoel, is dit nodig dat besin word oor 'n Christelike didaktiek. Ook van die onderwyser word geëis om nuwe situasies die hoof te bied, aanpassings te maak, te moderniseer, te verander. Is dit vir hom moontlik om op grond van sy opleiding sinvolle aanpassings in sy gedrag en in sy metodiek en aanbieding te maak en so te moderniseer dat hy nie die kind skade aandoen nie? Dit is 'n primêre voorvereiste by elke vernuwing dat dit die kind makliker en beter tot Christelike roepingsvervulling moet bring. Van die Christelike standaarde mag nie in die slag bly nie.

Omdat die onderwyser met mense werk, is dit ook nodig dat hy moet kennis dra van die antropologie van die kind. Bowendien bepaal die beskouinge oor die herkoms, wese en bestemming van die mens ook die einddoel van die didaktiek. Om die kind op te voed om anders te word, sal hy moet kennis dra van die moontlikhede wat die antropologie bied om hierdie veranderinge te bewerkstellig sonder om onmoontlike eise aan die kind te stel.

Die uitbou van 'n Christelike antropologie en 'n didaktiek wat sy wortels daarin grond, is in die huidige omstandighede 'n noodsaaklikheid.

3. Taakstelling.

In hierdie hoofstuk word terme verduidelik, die studie gemotiveer en die werkswyse in breë trekke aangetoon.

„Maar als de filosofie goed beoefend wordt, dan is er wel een nauwe samenhang met de wijsheid, omdat de filosofie op haar wijze zich bezighoudt met het inzicht in de waarheid, dat uitgangspunt voor de wijsheid is. De filosofie opereert op wetenschappelijke wijze aan de grenzen van dat inzicht en tracht het te verbreden en te verdiepen, terwijl zij het resultaat daarvan als kennis in uitgedrukte vorm aan de dag brengt." (Van Riessen, 1963, p. 20). Die Wysbegeerte van die Wetsidee, soos deur Dooyweerd en andere beskrywe, openbaar vanuit Christelike standpunt, kosbare insigte oor die werklikheid, en gevolglik ook oor die Christelike antropologie. (Vgl. Dooyeweerd, 1969, 2 dele). Van hierdie insigte, in aansluiting by die Heilige Skrif en die konkrete werklikheid, word gebruik gemaak om stellings in hierdie studie te motiveer.

Elke mens is vanweë sy aanvanklike hulpbehoewendheid op leiding, hulp van en opvoeding deur die medemens aangewys. Hierdie hulp het 'n bepaalde oogmerk wat deur die lewens- en wêreldbeskoulike oortuigings van die volwassenes bepaal word. Die kind word gelei om ook sy plek as volwaardige lid van die betrokke maatskappy te kan inneem. Daarom is neutrale onderrig 'n onmoontlikheid want elke woord wat gespreek word, word gemotiveer vanuit een of ander hartsoortuiging. Vir die Christengemeenskap is 'n Christelike didaktiek, wat die kind neem op die pad na 'n Christelike roepingsvervulling binne 'n

Christelike gemeenskap, noodsaaklik. Aan hierdie aangeleenthede word in hoofstuk twee aandag gegee.

In hoofstuk drie word die Christelike antropologie bespreek. Die mens is geskape na die beeld van God en verkry daardeur unieke kenmerke wat hom die kroon van die skepping maak. Hy is nie 'n dier plus nog iets ekstra nie, maar selfs sy funksies wat met die van die dier ooreenstem, vertoon 'n verdiepte karakter. Vanweë sy poging om nie net analoog aan God nie, maar heeltemal soos God te word, kom hy tot 'n val. Nogtans verdelg God hom nie maar verkry hy die moontlikheid om deur bemiddeling van Christus, kind van God te bly. Steeds bly hy mede-arbeider maar aangesien sy hart deur die sonde besmet is, vertoon al sy werke 'n afvallige karakter en neig sy vryheidsbeoefening na bandeloosheid.

In hoofstukke vier en vyf word die onderwyser en kind bespreek aan die hand van insigte wat in hoofstuk drie aan die lig tree. Die klem val op die implikasies wat die Christelike antropologie vir elk in die didaktiese situasie inhou

Die antropologie beperk ook die leerstof en metodes wat in die Christelike didaktiese situasie gebruik kan word. Hierdie twee aangeleenthede word in hoofstukke ses en sewe bespreek.

In hoofstuk agt word 'n samevattende oorsig van die studie gegee.